

MODULE 12

BELASTING OP TOEGEVOEGDE WAARDE (BTW)

Die verskillende vorms van belasting soos inkomstebelasting en tariewe (heffings).

Basiese BTW-begrippe.

Verskil tussen inklusieve en eksklusieve BTW.

Verskil tussen die faktuurbasis en ontvangstebasis.

In hierdie Module sal ons fokus op belasting op toegevoegde waarde met besondere klem op:

- Bedrag betaalbaar of ontvangbaar van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID);
- Voltooiing van die BTW-kontrolerekening vanaf gegewe inligting;
- Integrasie van etiese kwessies met betrekking tot BTW; en
- Integrasie van interne audit- en kontroleprosesse.

WAT IS BTW?

Belasting op toegevoegde waarde (BTW) is 'n belasting wat op die verskaffing van goedere of dienste deur 'n verkoper gehef word. Verkopers/verskaffers wat vir BTW geregistreer is, is verplig om BTW in te vorder van hul klante of kliënte ten gunste van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID).

Geregistreerde BTW-verskaffers kan egter enige BTW wat betaal is op voorrade en uitgawes wat hul aangegaan het om wins vir die onderneming te genereer, terugkeis. BTW word dus versamel in 'n sirkel ondernemings waar elkeen die 15% betaal op die **waarde** wat hulle bygevoeg het – die insameling word versprei en verseker so 'n meer effektiewe insameling deur SAID as wanneer een verskaffer/onderneming alleen verantwoordelik sou wees om die hele bedrag te betaal (soos die geval was toe Suid-Afrika gebruik gemaak het van die AVB, Algemene Verkoopsbelasting). Die BTW-koers is tans 15% in SA, maar die Minister van Finansies is by magte om dit te eniger tyd te verander dit was vanaf 14 tot 15% in April 2018 vermeerder). Verwys terug na jou graad 11-boek vir meer inligting oor BTW en die insameling daarvan.

WAT BETEKEN DIE TERM: "BTW KAN TERUGGEËIS WORD"?

Kom ons gebruik 'n voorbeeld om die beginsel te verduidelik:

Susy se Snoepwinkel koop handelsvoorraad van 'n groothandelaar, Big Cash & Carry. Sy word R10 000 + BTW (R1 500) gevra. Daarom moet sy R11 500 betaal.

Susy koop egter nie die voorraad vir haar eie gebruik nie - sy gaan dit in haar snoepwinkel plaas en aan haar kliënte verkoop. Kragtens die belastingregulasies is sy vrygestel van die betaling van BTW, d.w.s. as sy nie die finale gebruiker is nie, betaal sy nie BTW nie. Hierdie regulasie is egter baie moeilik om in werking te stel indien daar van die verskaffer (Big Cash & Carry) verwag word om te weet of uit te vind of elke kliënt waaraan hy verkoop, dit vir die onderneming koop of vir privaat gebruik.

Die manier waarop SAID (Suid-Afrikaanse Inkomstediens) dit bestuur, is om elke **verkoper** wat 'n geregistreerde BTW-verskaffer is te vertel om BTW op die verkoopprys van die goedere te hef. In die bogenoemde geval sal Big Cash & Carry dus wetlik verplig wees om BTW op Susy te hef.

Susy word dan egter toegelaat om die BTW-faktuur aan te bied aan SAID en indien Susy 'n BTW-verskaffer is, sal SAID die R1 500 aan Susy terugbetaal. Daarom is Susy se koste van die handelsvoorraad wat aangekoop is, slegs R10 000. Die negatiewe vir Susy is dat sy die R1 500 sal moet betaal en dan die bedrag van SAID terugise. Dit kan 'n negatiewe impak op haar **kontantvloeisituasie** hê.

Wanneer Susy dieselfde goedere aan haar klante verkoop, maar teen R15 000 (onthou sy merk die goedere op om 'n wins te maak), sal sy 15% (R2 250) moet byvoeg en die klante R17 250 vra. Susy sal dan die R2 250 aan SAID oorbetaal en die R15 000 is haar verkoopsbedrag. Dus kry SAID uiteindelik hul geld uit die verkoop van die goedere.

In werklikheid kan SAID en die ondernemings nie betrokke wees by die terugise en betaal van elke aankope en verkope wat plaasvind nie. In plaas daarvan word rekords gehou vir 'n tydperk van **twee maande** en dan word een eis gemaak.


Kom ons veronderstel dat Susy net een hoeveelheid voorraad gekoop het en net een verkope gehad het. Aan die einde van die tydperk van twee maande, sal sy die R1 500 terugise van SAID en dan R2 250 aan SAID betaal. Dit veroorsaak 'n **dubbele werklading**. Die een bedrag sal m.a.w. **verreken** word teen die ander. $R2 250 - R1 500 = R750$. In hierdie geval sal Susy slegs R750 aan SAID betaal. Sy sal R1 500 hou as 'n terugbetaling vir die BTW wat sy betaal het toe sy die goedere gekoop het en die ander R750 om die R2 250 op te maak wat aan SAID moet betaal word. SAID het in die tussentyd die volle R2 250: R1 500 ontvang toe sy die goedere gekoop het wat Big Cash & Carry sou moes oorbetaal het en die ander R750 van Susy.

STANDAARDKOERS VAN BTW

Met die uitsluiting van die onderstaande items, is alle items onderhewig aan die standaard BTW van 15%. Let daarop dat daar in sommige lande in die wêreld verskillende BTW-koerse vir verskillende items gehef word, bv. luukshede teenoor basiese items. Die koers was vanaf 14 tot 15% in April 2018 verander.



NULKOERSBELASTING ITEMS



Op sekere items word nulkoersbelasting (0%) gehef - so word verseker dat arm verbruikers nie te veel moet ontbeer nie. Voorbeeld van nulkoersbelasting items is: bruinbrood, melk, mielieprodukte, rys, lensies, droë bone, peulgewasse, vrugte, groente, melk, melkpoeiers, kookolie, eiers, geblikte sardientjies en paraffien. Die Minister van Finansies kan die persentasie te eniger tyd verander sowel as meer of minder items op die lys sit.



BTW VRYGESTELDE ITEMS



BTW vrygestelde items word vrygestel van BTW deur 'n parlementêre wet. Voorbeeld van BTW-vrygestelde items is: rente (maar bankkoste is BTW-belasbaar), eiendomsbelasting, uitvoerdienste, kindersorgdienste, opvoedkundige dienste en dienste wat deur niewinsgewende verenigings voorsien word. 'n Skool kan byvoorbeeld nie BTW op skoolgeld hef nie. Salarisse en lone asook petrol is ook vrygestel van BTW. Een van die redes hiervoor is dat hierdie items onderhewig is aan ander vorme van belasting, bv. LBS en brandstofheffings.

Oënskynlik mag dit lyk asof nulkoersbelasting en BTW-vrygestel dieselfde is omdat die effek op albei dieselfde is naamlik dat **geen BTW** gehef word nie. Die verskil lê egter daarin dat die Minister van Finansies volgens sy oordeel die nulkoersbelasting % te eniger tyd kan verander, maar die BTW-wet moet eers verander word voordat BTW op BTW-vrygestelde items geïmplementeer / verander kan word.



WIE MOET REGISTREER?

BTW word gehef op alle verkope van goedere en dienste deur ondernemings wat as BTW-verskaffers geregistreer is. Vanaf 1 Maart 2008, as begin van die finansiële jaar, moet alle ondernemings met 'n omset van meer as R1 000 000 (een miljoen) 'n jaar as 'n verkoper/verskaffer registreer. Handelaars wie se jaarlikse omset minder as R1 miljoen is, word deur die wet toegelaat om te registreer (dit staan bekend as **vrywillige registrasie**) as hulle glo dat dit in hulle belang is. Eers as hulle geregistreer is, kan hulle die BTW wat hulle op wettige besigheidsaankope en -uitgawes betaal het, teruggaan. Vir baie ondernemings wat groot uitgawes moet aangaan, is dit 'n voordeel, maar dit sal ook beteken dat die onderneming gehoor moet gee aan die BTW-regulasies, i.v.m. rekordering, voorlegging van vorms en BTW-betalings. As ondernemings se jaarlikse omset minder as R20 000 is, mag hul nie as 'n BTW-verskaffer registreer nie. Let daarop dat die BTW-limiete wat hierbo genoem word aan jaarlikse veranderinge onderhewig is. Verwys na die SAID-inligtingsentrum vir die nuutste limiete.

METODES VAN BEREKENING VAN BTW-BETALING EN HOE GEËIS MOET WORD

Faktuurbasis

Hierdie is die standaard (normale) metode wat in Suid-Afrika gebruik word en is op alle ondernemings van toepassing behalwe as hulle skriftelik aansoek gedoen het en toestemming aan hulle verleen is om dit anders te doen. Volgens hierdie sisteem word BTW gehef wanneer die goedere verkoop is (kontant of op krediet) en BTW is aan SAID verskuldig aan die einde van die tweemaandelikse belastingtydperk vir daardie onderneming. In baie gevalle kan dit beteken dat die onderneming nog nie betaal is vir goedere wat hulle op krediet verkoop het nie en dus sal hulle BTW aan SAID moet oorbetaal al is hulle nog nie betaal nie. 'n Onderneming verkoop byvoorbeeld goedere op krediet aan 'n debiteur op 20 Mei vir R4 000 + R600 BTW. Die onderneming se tweemaandelikse periode eindig aan die einde van Mei en die onderneming sal dus teen die 25^{ste} Junie (die volgende maand) die R600 aan SAID moet oorbetaal. Die debiteur kon moontlik op hierdie stadium nog nie betaal het nie en kan eers in Julie of Augustus betaal. Hierdie situasie kan **kontantvloeiprobleme** vir baie ondernemings veroorsaak.

Ontvangstebasis

Om kleiner ondernemings met kontantvloeiprobleme te help, indien die faktuurbasis toegepas word, kan ondernemings skriftelik by SAID aansoek doen om toestemming te verkry om op 'n ontvangstebasis te registreer. As toestemming verleen word, sal die onderneming eers vir die betaling van die BTW (verwys na die R600 in die bostaande voorbeeld) verantwoordelik wees nadat die debiteur sy rekening betaal het. Let asseblief daarop dat dit nie die normale metode is nie en dat dit slegs op versoek aan sekere kleiner ondernemings toegestaan word.

BELASTINGPERIODES

Die **tweemaandelikse** belastingperiode is die standaard belastingperiode wat impliseer dat 'n opgawe elke twee maande voorgelê moet word, bv. Januarie, Maart, Mei, Julie, September en November. In sekere gevalle kan ondernemings by SAID aansoek doen om 'n ander periode.

Om die werkloading te verdeel, lê die helfte van die ondernemings hul opgawes voor aan die einde van die gelyke maande, nl. Februarie, April, ens. en die ander helfte aan die einde van die onewre maande nl. Januarie, Maart, ens. Die opgawe word voorgelê op die 25^{ste} dag na die einde van die maand wat gedek word deur die belastingperiode. Die belastingopgawe sal byvoorbeeld ingedien word vir die twee maande, Januarie en Februarie op of voor die 25^{ste} Maart en op of voor die 25^{ste} Mei as die belastingperiode Maart en April is, ens.

Die verskaffer het dus 25 dae om sy opgawe (BTW 201) in te dien vir die belastingperiode d.i. vir die laaste twee maande.

BTW-vorms kan óf by SAID-kantore ingedien word, óf ondernemings kan gebruik maak van **e-liassering** waar voorleggings via die internet gemaak word en betalings word met elektroniese kontantoorplasings gedoen. Die BTW 201-opgawe sal later bespreek word.

E-liassering word toenemend gewild onder sake-eienaars as die voorkeurmetode vir die indiening van BTW-opgawes. Onder hierdie stelsel word aan elke BTW-verskaffer 'n wagwoord toegeken wat hulle toelaat om elke twee maande toegang tot hul BTW-opgawe te verkry. Die vorm word voltooi en word onmiddellik by SAID ingedien. Saam met die opgawe sal die onderneming 'n elektroniese fondsoordrag vir die betrokke verskuldigde bedrag maak. Indien SAID aan die onderneming geld verskuldig is, sal hulle dit feitlik onmiddellik terugbetaal.

BTW-EKSKLUSIEF EN BTW-INKLUSIEF

In Suid-Afrika is die aanvaarbare praktyk dat pryse op goedere wat verkoop word aan finale verbruikers (klante) getoon word as die INKLUSIEWE bedrag, m.a.w. die merkprys sluit BTW in. Dit word gedoen om verwarring te voorkom van klante wat by die betaalpunt kom en uitvind dat hulle meer moet betaal (a.g.v. BTW) as wat die merkprys is. Dit is egter in die besigheidswêreld aanvaarbare praktyk om te kwoteer teen die eksklusiewe koers, d.i. sonder dat BTW bygevoeg is en BTW word as 'n aparte item aangetoon.

OPDRAG 12.1 Basislynassessering: Paar kolomme

Pas Kolom A by Kolom B.

KOLOM A	KOLOM B
1. BTW-inklusief	A Die BTW deur 'n onderneming ontvang uit verkoop of inkomste verdien.
2. BTW-verskaffer	B Betalings wat twee keer per maand gemaak word.
3. Insetbelasting	C BTW is by die merkprys uitgesluit.
4. BTW-faktuur	D Kwitansies deur SAID vir BTW-betalings uitgereik.
5. BTW-eksklusief	E BTW is betaalbaar wanneer die faktuur uitgereik word of die naaste betalingsdatum.
6. Nulkoersitems	F 'n Onderneming met 'n jaarlikse omset van meer as R300 000.
7. Tweemaandelikse betalings	G Die BTW deur 'n onderneming vir aankope betaal.
8. Faktuurbasis	H BTW is in die merkprys ingesluit.
9. Uitset-belasting	I BTW is slegs betaalbaar wanneer betaling ontvang word hetsy ten volle of gedeeltelik.
10. Ontvangstebasis	J Betalings wat elke tweede maand gemaak word.
	K Items wat BTW met 0% belas.
	L Dokument deur 'n geregistreerde verkoper as bewys van verkoop uitgereik.
	M 'n Onderneming met 'n jaarlikse omset van minder as R300 000.

BEREKENING VAN BTW

Uit die bogenoemde is dit duidelik dat die BTW-bedrae apart bereken en ingeskryf moet word. Dit is 'n belangrike aspek van die BTW-assessering vir Rekeningkunde en ons wil ten sterkste aanbeveel dat u seker maak dat u die nodige berekeninge kan maak afhangende of die bedrae wat aangehaal word, BTW-**inklusief** of BTW-**eksklusief** is. Die berekening is in Graad 11 behandel en daarom word slegs 'n breë hersiening gedoen. Indien jy steeds onseker is, verwys terug na jou Graad 11-handboek.

Verskaffers sal hul verkoopsbedrae bereken afhangende van hul kosprys en winsopslag en dan sal BTW nog verder bygevoeg word. 'n Verskaffer bepaal dat die verkoopsprys R200 (eksklusief) is en dan bereken hy 15% van R200 d.i. R30 en so stel hy dan die merkprys van die item vas op R230 (inklusief).

Daarom moet u dus in staat wees om die BTW op die R200 en/of op die R230 te bereken. As ons dieselfde formules gebruik wat ons geleer het in die koste van verkope, kan berekeninge as volg opgesom word:

VERKOOPSPRYS BTW-eksklusief	BTW	VERKOOPSPRYS BTW-inklusief
100%	15%	115%

Berekeninge sal soos volg wees:

- As die BTW-**eksklusieve** bedrag gegee word d.i. R200 en jy word gevra om die BTW te bereken:

$$\begin{aligned} \text{R200} \times \frac{15}{100} \\ = \text{R30} \end{aligned}$$

- As die BTW-**inklusieve** bedrag gegee word d.i. R228 en jy word gevra om die BTW te bereken:

$$\begin{aligned} \text{R230} \times \frac{15}{115} \\ = \text{R30} \end{aligned}$$

Dit is baie belangrik om elke keer seker te maak of die gekwoteerde prys inklusief of ekskusief is. Dit sal jou berekening beïnvloed.

OPSOMMING:

Verkoopsprys BTW **inklusief** is gegee:

Om die BTW-bedrag te bereken: Verkoopsprys inklusief $\times \frac{15}{115}$ (die breuk word die **belastingbreuk** genoem)

Om die verkopebedrag te bereken: Verkoopsprys inklusief $\times \frac{100}{115}$

Om koste van verkope te bereken: Verkoopsprys ekskusief $\times \frac{100}{(100 + \text{Winsopslag \%})}$

Verkoopsprys **eksklusief** BTW is gegee:

Om die BTW-bedrag te bereken: Verkoopsprys $\times \frac{15}{100}$
Kortpad: Verkoopsprys $\times .15$

Om die Verkopebedrag te bereken: Verkoopsprys + BTW bedrag
OF
BTW bedrag $\times \frac{115}{100}$
OF
Verkoopsprys $\times \frac{115}{100}$
Kortpad: Verkoopsprys $\times 1.15$



OPDRAG 12.2 Berekening

Voltooи die volgende tabel (rond tot die naaste sent af):

Nr.	BTW-EKSKLUSIEF BEDRAG	BTW-BEDRAG	BTW-INKLUSIEF BEDRAG
1.	R400		
2.	R700		
3.	R360		
4.			R782
5.			R1 253,50
6.			R299
7.		R48	
8.		R127,50	
9.		R225	

GEDETAILLERDE BTW-BEREKENINGE

In Graad 11 het jy geleer van BTW-berekeninge. Hierdie berekeninge kan baie ingewikkeld word.

Elke BTW-verskaffer moet rekord hou van al die BTW wat hy/sy op goedere wat verkoop is (d.i. BTW-uitset), gehef het. Die BTW wat op die verskaffer gehef is op al die items wat hy/sy vir die onderneming gekoop het, moet afgetrek word, aangesien hierdie bedrae reeds aan SAID deur die verskaffer betaal is. Die verskil word deur die BTW-verakaffer aan SAID betaal. Dit is moontlik dat die BTW-insetbedrag die BTW-uitsetbedrag kan oorskry, in welke gevalle SAID die bedrag aan die BTW-verskaffer sal terugbetaal.

BTW-UITSET – BTW-INSET = BEDRAG VERSKULDIG DEUR/AAN SAID VIR BTW

Die volgende voorbeeld illustreer dat die berekening van BTW-inset en BTW-uitset baie ingewikkeld kan wees.

LET WEL:

Die hantering van BTW met betrekking tot korting toegestaan, korting-ontvang, terugsendings, onttrekkings, oninbare skuld en geweierde tjeke is in graad 11 behandel. Indien jy hieroor onseker is, raadpleeg jou graad 11-handboek.

VOORBEELD:

Sizwe se Skryfbehoeftewinkel is as 'n BTW-verskaffer geregistreer.

Die bedrae wat in GROEN gemerk is, toon PLUSSE by BTW-inset of BTW-uitset.

Die bedrae wat in ROOI gemerk is, toon MINUSSE by BTW-inset of BTW-uitset.

	Transaksie	BTW-inset	BTW-uitset	Verduideliking
1.	Sizwe koop handelsvoorraad kontant van die verskaffers vir R11 500 , BTW ingesluit.	$11\ 500 \times \frac{15}{115} = R1\ 500$		BTW-inset verhoog met die BTW wat hy betaal op goedere wat gekoop word.
2.	Sizwe koop handelsvoorraad op krediet van verskaffers vir R17 250 , BTW ingesluit.	$17\ 250 \times \frac{15}{115} = R2\ 250$		BTW-inset verhoog met die BTW wat hy betaal op goedere wat gekoop word.
3.	Sizwe verkoop goedere kontant vir R20 700 , BTW ingesluit.		$20\ 700 \times \frac{15}{115} = R2\ 700$	BTW-uitset verhoog met die bedrag van BTW wat klante betaal het.
4.	Sizwe verkoop goedere op krediet aan debiteure vir R21 850 , BTW ingesluit.		$21\ 850 \times \frac{15}{115} = R2\ 850$	BTW-uitset verhoog met die bedrag BTW wat op debiteure gehef is.
5.	Sizwe stuur voorraad wat hy op krediet gekoop het terug, R3 450 , BTW ingesluit.	$3\ 450 \times \frac{15}{115} = R450$		BTW-inset verminder met die BTW op goedere wat hy terugstuur (teenoorgestelde van transaksie 2).
6.	Sizwe ontvang korting van R575 nadat hy die rekening van 'n krediteur vereffen het.	$575 \times \frac{15}{115} = R75$		BTW-inset verminder met die BTW op die korting wat hy ontvang (teenoorgestelde van transaksie 2).
7.	Sizwe koop toerusting en skryfbehoeftes vir die onderneming, R4 600 , BTW ingesluit.	$4\ 600 \times \frac{15}{115} = R600$		BTW-inset verhoog met die BTW wat hy op die bates en uitgawes betaal.
8.	Die debiteure stuur goedere terug, R2 070 , BTW ingesluit.		$2\ 070 \times \frac{15}{115} = R270$	BTW-uitset verminder met die BTW op teruggestuurde goedere (teenoorgestelde van transaksie 4).
9.	Sizwe bied kontantkorting van R1 150 aan sy debiteure vir vereffening van hul rekening.		$1\ 150 \times \frac{15}{115} = R150$	BTW-uitset verminder met die BTW op korting toegestaan. (teenoorgestelde van transaksie 4).
10.	Sizwe skryf oninbare skuld ter waarde van R1 840 af.		$1\ 840 \times \frac{15}{115} = R240$	BTW-uitset verminder met die BTW op oninbare skuld (teenoorgestelde van transaksie 4).
11.	Sizwe onttrek handelsvoorraad vir privaat gebruik, R5 750 , BTW ingesluit.	$5\ 750 \times \frac{15}{115} = R750$		BTW-uitset verhoog met BTW op goedere wat eienaar geneem het (soortgelyk aan transaksie 4).
12.	Sizwe skryf korting van R345 terug op 'n geweierde tjek van 'n debiteur.		$345 \times \frac{15}{115} = R45$	BTW-uitset verhoog met BTW op die korting wat teruggeskryf is (teenoorgestelde van transaksie 9).
TOTALE		R3 075	R4 935	
		BTW-inset	BTW-uitset	
		VERSKULDIG AAN SAID VIR BTW = R1 860		

Wat sal gebeur indien Sizwe 'n afleweingsvoertuig verkoop het vir R115 000 (BTW ingesluit R15 000)? Dit sal soortgelyk wees aan transaksie 7 hierbo.

- Die BTW-inset bedrag sal verhoog na: $R3\ 075 + R15\ 000 = R18\ 075$.
- Die BTW-uitset bedrag is steeds R4 935.
- Dus die bedrag verskuldig deur SAID aan Sizwe vir 'n BTW terugbetaling = R13 140.

WATTER BEDRAE KAN TERUGGEËIS WORD?

Dit is belangrik om daarop te let dat BTW-Inset nie tot handelsvoorraad beperk is nie, maar dit dek enige aankope van goedere wat essensieel is om die onderneming te bedryf. Dus sal 'n besigheid BTW op items soos skryfbehoeftes, telefoon, water en elektrisiteit, rekenaars, toerusting wat in die onderneming gebruik word, verpakningsmateriaal, ens teruggeëis word. SAID beheer die items wat teruggeëis kan word – die lys kan van tyd tot tyd aangepas word. Dit is nie nodig vir Graad 12-leerders om 'n deeglike studie te maak van al die items nie behalwe die paar wat hierbo genoem word. Onthou SAID gebruik kriteria om vas te stel watter uitgawes en laste essensieel al dan nie is vir die spesifieke onderneming om te funger. Hier is 2 voorbeelde wat jy interessant kan vind:

- Ondernemings kan nie BTW op onthale terugeis nie aangesien dit nie noodsaaklik is nie.
- BTW kan byvoorbeeld slegs op afleweringsvoertuie teruggeëis word – bv. nie op sedanmotors of 4 x 4's nie.

Indien BTW op die **aankope van 'n voertuig** of enige ander bate teruggeëis word, moet daarop gelet word dat as die onderneming die voertuig of bate in die toekoms verkoop, sal hulle BTW moet hef op hierdie verkope en die betrokke bedrag aan SAID moet betaal.

Leerders kan die SAID se webtuiste besoek as hul belangstel in watter items teruggeëis kan word. Daar is ook 'n SAID-inligtingsentrum vir BTW-navrae.

OPDRAG 12.3 Helen Gesondheidswinkel: Berekening van bedrag verskuldig aan/deur SAID

Jy word voorsien met transaksies rakende Helen Gesondheidswinkel vir die maand Junie 20.4.

Gevra:

Voltooi die volgende tabel om die bedrag wat verskuldig is aan/ deur SAID met betrekking tot BTW te bereken. Die eerste transaksie is vir jou gedaan.

Inligting:

	Besonderhede	Bedrae			Verskuldig aan / deur SAID	
		BTW uitgesluit	BTW	BTW ingesluit	BTW-inset	BTW-uitset
12.3.1	Helen koop handelsvoorraad op krediet van verskaffers.	R30 000	R4 500	R34 500	+R4 500	
12.3.2	Helen verkoop goedere kontant.	R20 000	?	?		
12.3.3	Helen verkoop goedere op krediet.	R24 000	?	?		
12.3.4	Helen stuur voorraad wat sy op krediet gekoop het, terug.	?	?	R1 840		
12.3.5	Helen koop toerusting vir die onderneming op krediet.	?	R825	?		
12.3.6	Debiteure stuur goedere terug wat hul nie bestel het nie.	?	R180	?		

12.3.7	Helen skryf oninbare skuld af.	R600	?	?		
12.3.8	Helen onttrek handelsvoorraad vir persoonlike gebruik.	?	R150	?		
TOTALE						
VERSKULDIG AAN SAID VIR BTW						

OPDRAG 12.4 Hari Ysterware: Berekening van bedrag verskuldig aan / deur SAID

Jy word voorsien van transaksies met betrekking tot Hari Ysterwarewinkel vir die maand Maart 20.6.

Gevra:

Voltooи die volgende tabel om die bedrag verskuldig aan/deur SAID met betrekking van BTW te bereken.

Inligting:

	Besonderhede	Bedrae			Verskuldig aan / deur SAID	
		BTW uitgesluit	BTW		BTW uitgesluit	BTW
12.4.1	Bedrag oorgedra van vorige maand.				R2 415	R5 865
12.4.2	Helen koop handelsvoorraad kontant van verskaffers.	R15 000	?	?		
12.4.3	Hari koop handelsvoorraad op krediet van verskaffers.	R42 000	?	?		
12.4.4	Hari verkoop goedere kontant.	R18 000	?	?		
12.4.5	Hari verkoop goedere op krediet.	R33 000	?	?		
12.4.6	Hari se krediteure staan handelskorting toe op voorraad wat hy vroeër op krediet gekoop het.	?	?	?	R4 600	
12.4.7	Hari koop skryfbehoeftes op krediet vir die onderneming.	?	?	?	R1 725	
12.4.8	Hari staan kontant- korting toe aan debiteure vir vereffening van hulle skuld.	?	?	?	R1 955	
12.4.9	Hari ontvang kontant- korting van krediteure met vereffening van sy rekeninge.	?	?	?	R1 035	
12.4.10	Hari skryf kontant korting op 'n geweierde tjek terug.	?	?	?	R287,50	
12.4.11	Hari koop 'n afleweringsvoertuig vir die onderneming	?	R16 500	?		


	per tjek.					
12.4.12	Debiteure stuur goedere terug wat hulle nie bestel het nie.	?	R420	?		
12.4.13	Hari skryf oninbare skuld af.	?	R525	?		
12.4.14	Hari onttrek handelsvoorraad vir persoonlike gebruik.	?	R450	?		
TOTAAL						
VERSKULDIG AAN SAID VIR BTW:						

DIE BTW-KONTROLEREKENING

Dit is logies dat al die bedrae in die joernale ingeskryf sal word en na die grootboek oorgeboek moet word. 'n BTW-verskaffer sal al die bedrae moet verdeel om die BTW apart aan te toon sodat 'n akkurate rekord van die bedrae verskuldig aan SAID of deur SAID m.b.t. BTW gehou kan word.

'n Nuwe rekening wat jy moet verstaan, is die BTW-kontrolerekening. Die rekening is soortgelyk aan die SAID-(inkomstebelasting) rekening wat jy in die module oor maatskappye bestudeer het. Die kurrikulum vereis dat jy weet hoe om die bedrae direk in die rekening in te skryf.

Die BTW-kontrolerekening is 'n rekening in die balansstaatrekeninge-afdeling wat 'n debiet- of kredietsaldo kan hê.



Die volgende voorbeeld toon die inskrywings in die joernale en hul uiteindelike invloed op die BTW-kontrolerekening.

VOORBEELD:

Carol se Klerewinkel is as 'n BTW-verskaffer vanaf 1 Junie 20.7 geregistreer. Die transaksies vir Junie 20.7 word voorsien.

Bestudeer die inskrywing wat in die joernaal vereis word tesame met die invloed op die rekeninge in die algemene grootboek. Bestudeer daarna die inskrywings wat die BTW-kontrolerekening sal beïnvloed.

*Vir die doel van hierdie voorbeeld, sal die BTW-inskrywings direk na die BTW-kontrolerekening gemaak word. Die BTW-inset en BTW-uitsetrekeninge sal later in die module bestudeer word (net vir verrykingsdoeleindes).

	Transaksie	Bedrae	Dokument & Joernaal	Algemene grootboekinskrywings
1.	Carol koop handelsvoorraad kontant van die verskaffers.	BTW uit. R11 000	Tjek	Dt Handelsvoorraad R11 000
		BTW R1 650	KBJ	Dt BTW-kontrole * R1 650
		BTW in. R12 650		Kt Bank R12 650
2.	Carol koop handelsvoorraad op krediet van die verskaffers.	BTW uit. R33 000	Faktuur	Dt Handelsvoorraad R33 000
		BTW R4 950	KJ	Dt BTW-kontrole * R4 950
		BTW in. R37 950		Kt Krediteurekontrole R37 950
#3.	Carol verkoop goedere kontant.	BTW uit. R24 000	Kontantstrokie	Dt Bank R27 600
		BTW R3 600	KOJ	Kt Verkope R24 000
		BTW in. R27 600		Kt BTW-kontrole * R3 600
#4.	Carol verkoop goedere op krediet aan debiteure.	BTW uit. R40 000	Faktuur	Dt Debiteurekontrole R46 000
		BTW R6 000	DJ	Kt Verkope R40 000
		BTW in. R46 000		Kt BTW-kontrole * R6 000
#5.	Carol stuur goedere terug wat sy op krediet aangekoop het.	BTW uit. R5 000	Debietnota	Dt Krediteurekontrole R5 750
		BTW R750	KAJ	Kt Handelsvoorraad R5 000
		BTW in. R5 750		Kt BTW-kontrole * R750
6.	Carol ontvang kontantafslag toe sy haar rekening van 'n krediteur vereffen..	BTW uit. R1 500	Tjek	Dt Krediteurekontrole R1 725
		BTW R225	KBJ	Kt Korting ontvang R1 500
		BTW in. R1 725		Kt BTW-kontrole * R225
7.	Carol koop verpakkingsmateriaal op krediet.	BTW uit. R3 200	Faktuur	Dt Verpakkingsmateriaal R3 200
		BTW R480	KJ	Dt BTW-kontrole * R480
		BTW in. R3 680		Kt Krediteurekontrole R3 680
#8.	Die debiteure stuur goedere terug.	BTW uit. R4 000	Kredietnota	Dt Debiteure-afslag R4 000
		BTW R600	DAJ	Dt BTW-kontrole * R600
		BTW in. R4 600		Kt Debiteurekontrole R4 600
9.	Carol bied kontant-afslag aan haar debiteure wat hul rekeninge vereffen.	BTW uit. R1 800	Kwitansie	Dt Korting toegestaan R1 800
		BTW R270	KOJ	Dt BTW-kontrole * R270
		BTW in. R2 070		Kt Debiteurekontrole R2 070
10.	Carol skryf oninbare skuld af.	BTW uit. R2 000	Joernaalbewys	Dt Oninbare skuld R2 000
		BTW R300	AJ	Dt BTW-kontrole * R300
		BTW in. R2 300		Kt Debiteurekontrole R2 300
11.	Carol onttrek handelsvoorraad vir persoonlike gebruik.	BTW uit. R8 000	Joernaalbewys	Dt Onttrekkings R9 200
		BTW R1 200	AJ	Kt Handelsvoorraad R8 000
		BTW in. R9 200		Kt BTW-kontrole * R1 200
12.	Carol skryf kontantkorting terug op 'n geweierte tjek.	BTW uit. R600	Joernaalbewys	Dt Debiteurekontrole R690
		BTW R90	AJ	Kt Korting toegestaan R600
		BTW in. R690		Kt BTW-kontrole * R90

GROOTBOEK VAN CAROL KLEREWINKEL
BALANSSTAATREKENINGE-AFDELING

Dt	BTW-KONTROLE					B	Kt		
20.7 Jun.	30	Bank	KBJ	1 650	20.7 Jun.	30	Bank	KOJ	3 600
		Krediteurekontrole #	KJ	4 950			Debiteurekontrole	DJ	6 000
		Krediteurekontrole #	KJ	480			Krediteurekontrole	KAJ	750
		Debiteurekontrole	DAJ	600			Krediteurekontrole	KBJ	225
		Debiteurekontrole	KOJ	270			Onttrekkings ##	AJ	1 200
		Debiteurekontrole	AJ	300			Debiteurekontrole ##	AJ	90
		Saldo	a/b	3 615					
				11 865					11 865
					Jul.	1	Saldo	a/d	3 615

Let daarop dat hierdie twee inskrywings gekombineer kan word as daar van die KJ oorgeboek word.

Let daarop dat hierdie twee inskrywings gekombineer kan word as "diverse rekeninge" as daar van die AJ oorgeboek word.

'n Kredietsaldo sal aantoon dat BTW aan SAID verskuldig is d.i. SAID is 'n las ((d.i. 'n krediteur) in hierdie geval.

OPDRAG 12.5 Muzi Musiekwinkels: Inskrywings direk in die BTW-kontrole-rekening

Jy word voorsien met transaksies rakende Muzi Musiekwinkel vir Augustus 20.8.

Gevra:

Stel die BTW-kontrolerekening op vir Augustus 20.8 om die bedrag verskuldig aan /deur SAID vir BTW aan te toon.

Inligting:

Die saldo op die BTW-kontrolerekening op 1 Augustus 20.8 was R3 078 (krediet).


	Besonderhede	Bedrae		
		BTW uitgesluit	BTW	BTW ingesluit
(a)	Muzi koop handelsvoorraad op krediet van verskaffers.	R14 000	R2 100	R16 100
(b)	Muzi verkoop goedere kontant.	13 200	1 980	15 180
(c)	Muzi verkoop goedere op krediet.	6 400	960	7 360
(d)	Muzi stuur goedere terug wat op krediet gekoop is,	1 800	270	2 070
(e)	Muzi koop toerusting vir die onderneming op krediet.	960	144	1 104
(f)	Debiteure stuur goedere terug wat hulle nie bestel het nie.	1 100	165	1 265
(g)	Muzi skryf oninbare skuld af.	2 300	345	2 645
(h)	Muzi onttrek handelsvoorraad vir privaat gebruik.	1 600	240	1 840

OPDRAG 12.6 💧 Kally se Rekenaarwinkel: Inskrywings direk in die BTW-kontrole rekening

Jy word voorsien met transaksies rakende Kally se Rekenaarwinkel vir Augustus 20.8.

Gevra:

Stel die BTW-kontrolerekening op vir Mei 20.3 om aan te toon watter bedrag verskuldig is aan/deur SAID met betrekking tot BTW.



Inligting:

Die saldo van die BTW-kontrolerekening op 1 Mei 20.3 was R6 270 (krediet).

	Besonderhede	Bedrae		
		BTW uitgesluit	BTW 14%	BTW ingesluit
(a)	Kally koop handelsvoorraad per tjek van verskaffers.	R60 000	R9 000	R69 000
(b)	Kally koop handelsvoorraad op krediet van verskaffers.	82 000	?	94 300
(c)	Kally verkoop goedere kontant.	110 000	16 500	126 500
(d)	Kally verkoop goedere op krediet.	55 000	8 250	63 250
(e)	Kally stuur goedere wat hy op krediet gekoop het, terug.	12 000	1 800	13 800
(f)	Kally koop 'n afleveringsvoertuig vir die onderneming per tjek.	220 000	?	?
(g)	Debiteure stuur goedere wat hulle nie bestel het nie, terug.	8 000	1 200	9 200
(h)	Kally staan kontantkorting toe aan debiteure wat hul skuld vereffen het.	?	?	1 725
(i)	Kally skryf korting vir 'n geweierde tjek terug.	600	90	690
(j)	Kally skryf oninbare skuld af.	7 000	1 050	8 050
(k)	Kally onttrek handelsvoorraad vir persoonlike gebruik.	9 000	1 350	10 350

OPDRAG 12.7 💧 Shaun Skoenwinkel: Inskrywings direk in die BTW-kontrolerekening

Jy word voorsien van inligting rakende Shaun Skoenwinkel vir April 20.4.

Gevra:

Stel die BTW-kontrolerekening op vir April 20.4 om aan te toon watter bedrag verskuldig is aan/deur SAID vir BTW. Alle goedere wat gekoop en verkoop is, is onderhewig aan 15% BTW.

Inligting:

- (a) Die saldo van die BTW-kontrolerekening op 1 April 20.4 was R45 600 (krediet).
- (b) Totaal van fakture ontvang vir handelsvoorraad aangekoop, R63 000 plus BTW ten bedrae van R9 450.

- (c) Handelsvoorraad kontant gekoop van verskaffers, R57 000 plus BTW ten bedrae van R8 550.
- (d) Totaal van debietnotas vir goedere teruggestuur aan die verskaffers, R3 700 BTW uitgesluit.
- (e) Betaal R55 000 aan krediteure op rekening en ontvang kontant korting van R5 175 vir vroeë vereffening van rekening.
- (f) Totaal van kontantstrokies vir goedere kontant verkoop aan klante gedurende die maand, R96 830 BTW ingesluit, ten bedrae van R12 630.
- (g) Totaal van fakture uitgereik aan debiteure vir goedere gekoop, R48 875 BTW ingesluit.
- (h) Totaal van kredietnotas uitgereik aan krediet klante vir goedere teruggestuur, R6 440 BTW ingesluit.
- (i) Debiteure betaal R45 000 op rekeninge en Shaun staan kontantkorting aan hul toe, R4 830.
- (j) Die bankstaat toon 'n geweierde tjek van R6 000. Die kontantafslag toegestaan op die tjek, R575, moet teruggeskryf word.
- (k) Oninbare skuld afgeskryf, R9 200
- (l) Shaun koop toerusting op krediet vir die onderneming, R23 000 plus BTW.
- (m) Shaun neem van die voorraad skoene as geskenke vir sy vrou teen kosprys, R805 BTW van R105 is ingesluit.

OPDRAG 12.8

Fixx Meubelwinkel: inskrywings direk in die BTW-kontrolerekening

Jy word voorsien van inligting rakende Fixx Meubelwinkel vir Oktober 20.6.

Gevra:

Stel die BTW-kontrolerekening op vir Oktober 20.6 om aan te toon watter bedrag verskuldig is aan/deur SAID vir BTW. Alle goedere wat gekoop en verkoop is, is onderhewig aan 15% BTW.


Inligting:

- (a) Aan die begin van die maand was daar 'n kredietsaldo van R17 100 op die BTW-kontrole-rekening.
- (b) Uittreksel uit die **kontantbetelingsjoernaal**:
 - Handelsvoorraad gekoop, R82 000 BTW van R12 300 uitgesluit
 - Voertuig aangekoop, R322 000 BTW van R42 000 ingesluit.
 - Kontantonttrekkings, R10 000
 - Betalings aan krediteure, R68 000
 - Afslag ontvang van krediteure, R7 820
- (c) Uittreksel uit die **kontantontvangstejoernaal**:
 - Kontantverkope, R123 000 plus BTW
 - Ontvangste van debiteure op rekening, R54 000
 - Korting toegestaan aan debiteure, R5 865
- (d) Uittreksel uit die **krediteurejoernaal**:
 - Handelsvoorraad gekoop, R105 000 plus BTW.
 - Skryfbehoeftes aangekoop, R5 405 BTW ingesluit
- (e) Uittreksel uit die **krediteure-afslagjoernaal**:
 - Handelsvoorraad teruggestuur, R14 260 insluitend BTW van R1 860
- (f) Uittreksel uit die **debiteurejoernaal**:
 - Kredietverkope, R165 600 BTW ingesluit
- (g) Uittreksel uit die **debiteure-afslagjoernaal**:
 - Handelskortings toegestaan vanaf die verkoopsprys, R13 000 plus BTW

- (h) Uittreksel uit die **algemene joernaal**:
- Oninbare skuld afgeskryf, R6 325
 - Terugskrywing van korting toegestaan op 'n geweierde tjek, R69
 - Handelsvoorraad onttrek deur die eienaar teen kosprys, R6 600 plus BTW

DRIE GROOTBOEKREKENINGE VIR BTW

Die kurrikulum vereis dat jy begryp hoe BTW-inskrywings die BTW-kontrolerekening direk beïnvloed. In die praktyk, met normale boekhouprosedures, word egter drie rekeninge gehou:



BTW-INSET verwys na BTW wat op aangekopte items betaal word. 'n Geregistreerde BTW-verskaffer sal dus sy betaling moet verdeel in die prys van die goedere sonder BTW en die BTW-Inset as 'n aparte inskrywings aantoon. As 'n verskaffer byvoorbeeld goedere aankoop vir R2 000 + **R300** BTW, sal slegs die R2 000 na handelsvoorraad geDt word en die **R300** na 'n BTW-insetrekening omdat die verskaffer geregtig is om die **R300** BTW van SAID terug te eis – sy werklike koste waarop hy 'n wins maak, is dus R2 000. Die dubbelinskrywing sal wees om bank of krediteurekontrole te Kt met die volle bedrag nl. **R2 300** omdat dit die bedrag wat die krediteur moet betaal, verteenwoordig.

ALGEMENE GROOTBOEK BALANSSTAATREKENINGE-AFDELING

Dt	HANDELSVOORRAAD					B	Kt
Mei	10	Bank	KBJ	2 000			

BTW-INSET						B
Mei	10	Bank	KBJ	300		

BANK									B	
						Mei	10	Diverse rekeninge	KBJ	2 300

BTW-UITSET – verwys na verkope en fooi-inkomste. 'n Geregistreerde BTW-verskaffer moet sy kwitansies en inkomste verdeel om die BTW-Uitset en die verkope of fooi-inkomste bedrag apart aan te toon. Die BTW wat op die verkope gehef word, behoort nie aan die verkoper nie en daarom moet dit nie by sy verkope en winsberekening ingesluit word nie. As 'n verkoper byvoorbeeld goedere verkoop vir R3 000 + R450 BTW, sal net R3 000 gekrediteer word na die verkoperekening en die R450 sal gekeë word na die BTW-uitsetrekkening. Die dubbelinksrywing sal dan bank of debiteurekontrole met die volle bedrag, nl. R3 450 Dt omdat dit die bedrag verteenwoordig wat vir die verkope van goedere of die bedrag wat die debiteur vir die goedere skuld, ontvang is.

ALGEMENE GROOTBOEK BALANSSTAATREKENINGE-AFDELING

Dt	BANK					B	Kt
Mei 10	Diverse rekeninge	KOJ	3 450				

BTW-UITSET **B**

						Mei	10	Bank	KOJ	450
--	--	--	--	--	--	-----	----	------	-----	-----

NOMINALE REKENINGE-AFDELING VERKOPE

BTW-KONTROLE – is 'n opsomming van die BTW-INSET en BTW-UITSET en toon aan of die onderneming aan SAID geld verskuldig is en of SAID aan die onderneming geld verskuldig is. Dit is gebruiklik vir ondernemings om die BTW-Inset en BTW-uitsetrekeninge aan die einde van die tweemaandelikse periode af te sluit as die BTW-opgaweform (BTW 201) gelewer word.

Byvoorbeeld:

Aanvaar die bestaande BTW-bedrae is die enigste BTW boekstowing wat deur die onderneming vir die tweemaandelikse periode gemaak is. Die rekeninge sal soos volg afgesluit word:

ALGEMENE GROOTBOEK BALANSSTAATREKENINGE-AFDELING

Dt	BTW-UITSET					B	Kt
May	31	BTW-kontrole	AJ	450	May	10	Bank

BTW-INSET B

May	10	Bank	KBJ	300	May	31	BTW-kontrole	AJ	300

BTW-KONTROLE						B			
May	31	BTW-inset	AJ	300	May	31	BTW-uitset	AJ	450
		Saldo	o/d	150					
				450					450
					June	1	Saldo	a/b	150

In hierdie geval skuld die onderneming SAID R150 – m.a.w. dit is die verskil tussen die BTW ingevorder op die verkoop van R450 en die terugreis vir die BTW wat op die aangekopte goedere vir R300 betaal is. Teen die 25^{ste} Junie sal die onderneming die BTW 201-opgawe moet voorlê saam met 'n tjak vir R150, in hierdie geval. Dit kan gebeur dat die BTW-Inset hoër is as die BTW-Uitset – die onderneming sal steeds die BTW 201-opgawe moet indien, maar dan sal SAID die verskil moet terugbetaal.

VERDERE INLIGTING OOR DIE BOEKSTAWING VAN BTW IN PRAKTYK

Dit is normaalweg dat besighede hulle joernale aanpas om die nodige BTW-inset en BTW-uitset bedrae kan bereken en boekstaaf. Die verskillende joernale sal dan na die Algemene Grootboek oorgeboek word. Die opskrywing van BTW in die joernale is nie deel van jou assesseringsstandaarde nie en daarom sal hulle nie bespreek word nie. Ons sal nietemin op die boekstawing na die Algemene Grootboekrekeninge konsentreer.

OPDRAG 12.9 Ekshay Modes: Grootboekinskrywings

Gevra:

Gebruik die onderstaande lys transaksies en boek die volgende rekenings oor na die Algemene Grootboek van Ekshay Modes:

- 12.9.1 BTW-Uitset
 - 12.9.2 BTW-Inset
 - 12.9.3 BTW-Kontrolerekening
- OF Alternatiewelik kan jy al die BTW-inskrywings direk in die BTW-kontrolerekening aanteken..

Let wel: Rond alle berekeninge af tot die naaste sent.



Transaksies vir Julie 20.9:

1. Die volgende saldo's verskyn in die Algemene Grootboek op 1 Julie 20.9:
BTW-Uitset R4 320
BTW-Inset R2 300
Of 'n krediet saldo in die BTW-kontrolerekening van R2 020.
2. Kontantverkope BTW eksklusief, R24 500.
3. Betaal die water en elektrisiteitsrekening elektronies aan die plaaslike munisipaliteit, **R1 150**, BTW inklusief.
4. Koop toerusting vir die kantoor, R16 100, BTW inklusief. Betaal elektronies.
5. Reik 'n debietnota uit aan die kredietverskaffer vir beschadigde voorraad wat teruggestuur is, R940, BTW eksklusief.
6. Kredietverkope BTW inklusief, R40 480..
7. Gebruik kleinkasfondse R460 (inklusief) om handelsvoorraad aan te koop.
8. Handelsvoorraad op krediet gekoop, R19 880, BTW eksklusief.
9. Reik 'n kredietnota uit aan debiteure vir ongewenste voorraad wat teruggestuur is R1 426, BTW inklusief.
10. Dra die BTW-Inset en BTW-Uitset oor na BTW-Kontrolerekening indien jy 2 aparte rekeninge gebruik het.

OPDRAG 12.10 ☽💧

Rooibessie Winkel: Berekenings, Joernalinskrywings, BTW-kontrolerekening

Die inligting hieronder het betrekking op Rooibessie Winkels wat 'n konstante winsopslag van $33\frac{1}{3}\%$ op kosprys handhaaf.

GEVRA:

- 12.10.1 Doe die betrokke berekeninge en boek dan na die BTW-Inset en BTW-uitsetrekening in die Algemene Grootboek toe oor.
- 12.10.2 Maak die joernalinskrywings om die BTW-Uitset en BTW-insetrekening af te sluit.
- 12.10.3 Stel die BTW-kontrolerekening op,
OF alternatiewelik kan jy al die BTW-inkrywings direk in die BTW-kontrolerekening aanteken.



Inligting:

Die volgende saldo's verskyn onder andere in die Algemene Grootboek op 1 Januarie 20.9:

BTW-Uitset	R4 200
BTW-Inset	R3 600

JOERNAAL TOTALE OP 31 JANUARIE 20.9

Kontantontvangstejoernaal:

Bank	BTW-uitset	Verkope	Koste van verkope	Fooi-inkomste	Diverse rekeninge
*	12 000	*	*	16 600	0

Kontantbetalingsjoernaal:

(LW: Die BTW betaal op toerusting, skryfbehoeftes en voertuiguitgawes kan van SAID teruggeëis word.)

Bank	BTW-Inset	Handelsvoorraad	Toerusting	Skryfbehoeftes	Krediteurekontrole		Diverse rekeninge
					Betalings	Betalings	
*	*	48 330	8 090	2 480	19 860	0	2 900 ^[1]

^[1] Voertuiguitgawes R1 100 en Onttrekkings R1 800.

Kleinkasbetalingsjoernaal:

(LW: BTW betaal op verbruiksgoedere en diverse uitgawes kan van SAID teruggeëis word.)

Kleinkas	BTW-Inset	Handelsvoorraad	Verbruiksgoedere	Toevallige lone	Diverse uitgawes	Diverse rekeninge
2 840	*	900	180	*	140	-

Debiteurejoernaal:

Debiteurekontrole	BTW-Uitset	Verkope	Koste van verkope
*	*	*	37 380

Debiteure-afslagjoernaal:

Debiteure-kontrole	BTW-Uitset	Debiteure-afslag	Koste van verkope
*	*	4 900	*

Nota: Geen afslag is gedurende die maand toegestaan nie – goedere is net teruggestuur.

Krediteurejoernaal:

(LW: BTW betaal op toerusting en verbruiksgoedere kan van SAID teruggeëis word)

Krediteure-kontrole	BTW-Inset	Handelsvoorraad	Toerusting	Verbruiksgoedere	Diverse rekeninge
34 960	*	*	4 320	1 400	0

Krediteure-afslagjoernaal:

Krediteure-kontrole	BTW-Inset	Handelsvoorraad	Toerusting	Verbruiksgoedere	Diverse rekeninge
*	*	1 800	0	0	0

Algemene joernaalinskrywings

Dok	Dag	Besonderhede	Fol	Debiet	Krediet	Debiteurekontrole	Krediteurekontrole
						Debiet	Krediet
14	31	Onttrekkings		1 265	*		
		BTW-Uitset			*		
		Handelsvoorraad			*		
		Voorraad deur die eienaar vir persoonlike gebruik geneem					
15		A. Straggler		124	124	124	
		Rente op agterstallige rekening					
		Rente op agterstallige rekening gehef					

OPDRAG 12.11 

Ontleding: Transaksies

Gevra:

Ontleed die transaksies hieronder volgens die opskrifte in die tabel. Aansuiweringskrywing ten opsigte van BTW moet getoon word. (Bereken tot die naaste sent).



Nr.	Joernaal	Algemene Grootboek		Bedrag
		Rekening geDt	Rekening geKt	

Transaksies:

- Die kreditsaldo van R3 000 in die BTW-kontrolerekening is elektronies betaal.
- Verkoop voorraad vir R1 380 kontant (BTW ingesluit). Die winsopslag is 100%.
- Nulkoersitems kontant verkoop, R540. Die winsopslag is 20%.

- Die rekening van 'n debiteur word afgeskryf, R414.
- Handelsware is van 'n krediteur op krediet vir R4 002 (inklusief) gekoop.
- Die rekening van die krediteur hierbo word vereffen. 'n Korting van 5% word ontvang.
- Betaal die maandelikse nutsrekening (eiendomsbelasting, water, elektrisiteit en ander munisipale koste) aan die munisipaliteit per internetbankdienste. Die totale koste beloop R1 794 (BTW ingesluit).
- 'n Debiteur wat R1 000 skuld, vereffen sy rekening elektronies om vir die 10% vroegtydige vereffeningskorting te kwalifiseer,
- 'n Kredietklant is met R270 BTW op die belastingfaktuur belas. Die korrekte bedrag moet R250 wees. Maak die fout korrek.
- Ontvang die rente op 'n vaste deposito, R1 400. Die bedrag is elektronies gedeponeer.

OPDRAG 12.12 💧 Mary Handelaars: Vertolking, Teorie

Mary Handelaars: Vertolking, Teorie



Mary Handelaars verkoop hardware aan die publiek vir kontant en op krediet. Hulle koop hul handelsvoorraad van verskeie verskaffers vir kontant en op krediet. Hulle is 'n geregistreerde BTW verskaffer. Jy word voorsien met uittreksels uit hul finansiële rekords vir die twee maande geëindig 31 Augustus 20.8.

Gevra:

- Waarvoor staan BTW?
- Waarom moet Mary Handelaars vir BTW geregistreer wees?
- Wat is die verskil tussen inset en BTW-uitset?
- Wat is die verskil tussen:
 - Standaard BTW
 - Nulkoers-BTW
 - BTW uitgesluit?
- Gebruik die onderstaande inligting om die bedrag aan SAID verskuldig te vereken of die bedrag deur SAID verskuldig. Toon aan of die onderneming vir SAID geld skuld of omgekeerd.
- Die eienaar van Mary Handelaars het die rekenmeester aangesê om meer oninbare skuld af te skryf as wat daar werklik elke jaar is.
 - Waarom dink jy het die eienaar hierdie voorstel gemaak? Verduidelik kortliks.
 - Die rekenmeester is nie bereid om dit te doen nie. Verduidelik kortliks waarom hy so voel – bepreek twee punte.

Inligting:

- Mary Handelaars se jaarlikse omset is ongeveer R2.2 miljoen.
- Mary Handelaars se BTW termyn is vir Julie en Augustus 20.8 en dan elke tweede maand daarna.
- Die volgende saldo's verskyn in die boeke op 1 Augustus 20.8 (saldo's afgebring van Julie):

BTW-Inset	R24 600
BTW-Uitset	R37 200
- Die volgende transaksies is gedurende Augustus aangegaan:

Verkope (kontant en krediet) vir Februarie (inklusief)	R920 000
Handelsvoorraad gekoop gedurende Februarie (eksklusief)	440 000
BTW betaal op toerusting gekoop (Die BTW is aftrekbaar)	3 800
BTW toegestaan op debiteure-afslag vir Februarie	3 200
Korting toegestaan aan debiteure (inklusief)	575
Oninbare skuld afgeskryf	4 715
Voorraad deur eienaar geneem (eksklusief)	900

OPDRAG 12.13 Willow Handelaars: Vertolking, Teorie

Willow Handelaars verkoop klere vir kontant en op krediet aan die publiek. Hulle koop hul handelsvoorraad van verskeie verskaffers vir kontant en op krediet. Hulle is 'n geregistreerde BTW-verskaffer. Jy word voorsien met uittreksels uit hul finansiële rekords vir die twee maande geëindig 31 Julie 20.9.

Gevra:

- 12.13.1 Willow Handelaars hoef nie volgens die wet as 'n BTW-verskaffer te regstreer nie. Verduidelik kortliks waarom jy dink die onderneming geregistreer is.
- 12.13.2 Gebruik die onderstaande inligting om te bereken watter bedrag BTW aan SAID verskuldig is of die bedrag deur SAID verskuldig. Toon aan of die onderneming geld aan SAID verskuldig is en of SAID die geld aan die onderneming skuld.
- 12.13.3 SAID raai al hul BTW-verskaffers aan om hul BTW-opgawes deur e-liassing in te dien.
 - (a) Wat verstaan jy onder e-liassing?
 - (b) Hoe kan SAID sekuriteit waarborg indien e-liassing gebruik word?
 - (c) Wat is die voordeel van die ondernemings wat e-liassing gebruik?
- 12.13.4 Toon aan of die volgende sinne waar of onwaar is. Indien onwaar, verduidelik waarom.

NR	STELLING	WAAR/ ONWAAR	REDE WAAROM ONWAAR
1.	BTW word teen 10% p.j. gehef.		
2.	Dit is deur die wet verpligtend dat alle ondernemings as 'n BTW-verskaffer moet regstreer.		
3.	BTW gehef op dienste gelewer word as BTW-Inset gehef.		
4.	BTW betaal vir handelsvoorraad gekoop word as BTW-Inset gehef.		
5.	Vars vrugte is uitgesluit van BTW.		
6.	BTW word op brandstof gehef.		
7.	Rente verdien van die bank is onderhewig aan BTW.		
8.	Alle BTW word ingevorder deur die Departement van Arbeid.		
9.	Die BTW periode is op een maand gebaseer.		
10.	BTW-Inset en BTW-uitsetrekings word teen die handelsrekening afgesluit .		
11.	Die ontvangsbasis is die voorkeur metode van BTW-invordering.		

INLIGTING:

1. Willow Handelaars se jaarlikse omset is omtrent R1 880 000.
2. Die volgende saldos verskyn in die grootboek op 1 Julie 20.9:

- BTW-uitset R56 000
 - BTW-inset R122 000
3. Die volgende transaksies het gedurende Julie 20.9 plaasgevind:
- Totale verkope vir Augustus, R770 000 (BTW uitgesluit)
 - Totale aankope vir Augustus, R379 500 (BTW ingesluit)
 - Toerusting gedurende Augustus, R65 000 gekoop (BTW uitgesluit)
 - Oninbare skulde afgeskryf: R575 (ingesluit) / R500 (uitgesluit)
 - BTW op korting aan debiteure gedurende Augustus, R280 aangebied
 - BTW op goedere deur debiteure gedurende Augustus, R1 400 teruggestuur
 - Die volgende onttrekings is deur die eienaar gedurende Augustus geneem:
 - Handelsvoorraad R1 840 (ingesluit)
 - Kontant R2 500

INDIENING VAN 'N OPGawe

'n BTW-opgawe moet by SAID op of voor die 25ste van die maand na die belastingtydperk ingedien word. Die doel van hierdie vorm is om die bedrag van die BTW-Uitset wat gehef is en die bedrag waarop die verkoper geregtig om as BTW-Inset te eis, vas te stel. Die verskil tussen BTW-Uitset en BTW-Inset toon die bedrag verskuldig aan SAID of deur SAID verskuldig. Betalings kan per tjek, elektroniese oordragte, debietorders, internetbankdienste of elektronies via e-liassering ("E-filing") ingedien word. Verskaffers sal vir e-liassering by SAID moet regstreer. Hierdie 24-uur fasiliteit wat kosteloos aangebied word, stel die verskaffer in staat om hulle BTW-201 elektronies te ontvang, te stuur en te voltooи.



'n Verkoper-verskaffer wat in gebreke bly om 'n opgawe in te dien word met 10% van die uitstaande BTW bedrag verskuldig plus rente teen die heersende koers vir elke maand of gedeelte daarvan, beboet.

REKORDS

Die verskaffer moet hierdie rekords vir 'n tydperk van 5 jaar vanaf die datum van indiening van sy opgawe hou. Hierdie rekords/boeke moet vir inspeksie deur SAID beskikbaar wees. Sommige van die belangrike rekords word hieronder genoem:

- 'n Rekord van alle goedere verskaf en dienste gelewer;
- Alle rekeningkundige rekords – Joernale, Grootboeke, Debiteure- en Krediteurelyste;
- Bankstate, depositostrokies, tjekboeke, betaalde tjeks;
- Belastingfakte;
- Debiet- en kredietnotas
- Kasregisterrolle en kwitansies;
- Dokumentére bewyse om die nulkoersitems toe te pas;
- Enige ander rekords wat nodig mag wees om transaksies te verifieer.

BTW 201-OPGawe

'n Voorbeeld van 'n BTW 201-opgawe word op die volgende bladsy gegee. Dit is vir **verrykende doeleinades** aangesien die voltooiing van die vorm nie deur die kurrikulum vereis word nie.



DIE ONTVANGER VAN INKOMSTE, POSBUS 436,0001 PRETORIA

BELASTING OP TOEGEVOEGDE WAARDE
Opgawe vir betaling van belasting op
toegeweegde waarde

VAT 201

DEEL 2
Vermeld al die hierdie
registrasienummer in
korrespondensie en
gedurende onderhoude

Gebruik asb hierdie telefoonnr vir enige navrae
(012) 3172000

Laaste dag vir indiening / /200

Bedrag van betaling R

Kwittansie ontvang op

Metode van betaling / duif aan met 'n "X" hieronder

Tjek **2** Kontant **1**Gebied **64** Belastingtydperk **C**

Betaalbaar voor / /200

Bankbesonderhede vir Eerste Nasionale Bank betalings

BRANCH 253145 BANK ACC51421187737

Handels- of ander naam

Belastingtydperk eindigende **200** 0

BTW-registrasienummer

A. BEREKENING VAN UITSETBELASTING

Levering van goed en/of dienste deur u

Standaardkoers (uitsluitende kapitaalgoed en/of -dienste en huisvesting)
Standaardkoers (slegs kapitaalgoed en/of -dienste)
Nulkers
Vrygestelde en nie-lewerings
Levering van huisvesting TOTALE BEDRAG (UITGESLUIT BTW)
Langer as 28 dae 5 ● x 60%
Korter as 28 dae

TOTALE

Verrekenings:

Verander in gebruik en uitvoer van tweedehandse goed

Ander

TOTAAL A TOTAAL UITSETBELASTING (4 + 4A + 9 + 11 + 12)**B. BEREKENING VAN INSETBELASTING** (Insetbelasting met betrekking tot)

Kapitaalgoed en/of -dienste ingevoer of aan u gelewer
Ander goed en/of -dienste ingevoer of aan u gelewer (nie kapitaalgoed en/of -dienste)
Belasting op verrekenings
Verandering in gebruik
Siegte skulde
Ander

TOTAAL B TOTAAL INSETBELASTING (14 + 15 + 16 + 17 + 18)

BTW BETAAALBAAR / TERUGBETAAALBAAR (Totaal A - Totaal B)

Hierdie blok moet voltooi word

Alv krediet

Plus boete

BEDRAG BETAAALBAAR (BELASTING + BOETE+ RENTE) **(20 - 21 + 22)**

BTW	
X $\frac{r}{100} \cdot r$	4
X $\frac{r}{100} \cdot r$	4A
BTW	
X $\frac{r}{100} \cdot r$	9
X $\frac{r}{100} \cdot r$	11
	12
BTW	
X $\frac{r}{100} \cdot r$	14
X $\frac{r}{100} \cdot r$	15
BTW	
X $\frac{r}{100} \cdot r$	16
X $\frac{r}{100} \cdot r$	17
X $\frac{r}{100} \cdot r$	18
BTW	
X $\frac{r}{100} \cdot r$	19
X $\frac{r}{100} \cdot r$	20
X $\frac{r}{100} \cdot r$	21
X $\frac{r}{100} \cdot r$	22
BTW	
X $\frac{r}{100} \cdot r$	23

Tel 1:

Ek verklaar dat die besonderhede in hierdie opgawe versprek, waar en wissig.

Fax 1:

Gemagte persoon se handtekening

Hoedanighed

Datum

Verduideliking van die vorm

- Bo links: Die geregistreerde naam en adres van die verkoper.
- Bo regs: Hierdie afdeling – AFDELING 2 – word deur SAID voltooi; los dit dus op.
- Handels- of ander naam: Naam van die onderneming.
- Belastingtydperk: 1^{ste} blok: Maand; 2^{de} blok: die jaar.
- BTW-registrasienommer: BTW-registrasienommer van die verkoper.

A: BEREKENING VAN BTW-UITSET

- Blok 1: Totale verkope en / of totale diensgeld met BTW inklusief.
- Blok 1A: Verkoopprys van besigheidsbates verkoop insluitende BTW.
- Blok 2: As ondernemings se bates ingeruil is, word in inruilwaarde in die blok ingevul. Nulkoersitems verkoop.
- Blok 3: Vrygestelde goedere en goedere wat nie belasbaar is nie.
- Blok 4: Gebruik die totaal inkomste in Blok 1 om die BTW te bereken. Pas die belastingbreuk toe, d.i. vermenigvuldig met 14 en deel deur 114
- Blok 4A: Gebruik die bedrag in Blok 1 om BTW te bereken. Gebruik die belastingbreuk soos hierbo aangedui.
- Blok 5-11: Hierdie kolomme is ten opsigte van akkommodasie en tweedehandse goedere. Spesiale regulasies is op hierdie items van toepassing. Dit sal nie in hierdie Module behandel word nie.
- Blok 12: Diverse items soos debietnotas word in hierdie blok ingeskryf.
- Blok 13: Totale BTW-uitset: Tel: Blokke 4 + 4A + 12 (Blokke 9 en 11 word nie in hierdie Module behandel nie).

B: BEREKENING VAN BTW-INSET

- Blok 14: BTW op die aankope van vaste bates, bv. geboue, voertuie, ens. betaal, word in hierdie blok ingeskryf.
- Blok 15: Skryf die totale BTW op al die besigheidaankope (handelsvoorraad) en alle besigheidsuitgawes (bv. skryfbehoeftes, ens.) in. Alle betalings moet met geldige belastingfakture gestaaf word.
- Blok 16: Verandering van gebruik van goedere en dienste word nie in hierdie Module gedeck nie, bv. kapitale bates wat omgeskakel kan word in handelsvoorraad items of omgekeerd.
- Blok 17: BTW geëis ten opsigte van oninbare skulde afgeskryf.
- Blok 18: Diverse items soos kredietnotas uitgereik, word in hierdie blok opgeteken.
- Blok 19: Totale BTW-inset: Tel: Blokke 14 + 15 + 17 + 18 (Blok 16 word uitgelaat aangesien dit nie in hierdie Module gedeck word nie).
- Blok 20: BTW betaalbaar/terugbetaalbaar: Totaal A minus Totaal B.
- Blok 22: Hierdie blok geld as die opgawe laat is. Tans word 'n 10%-boete op die bedrag verskuldig plus 1.1% per maand of gedeelte daarvan, bereken op die verskuldigde bedrag, gehef.

BTW BETAALBAAR/TERUGBETAALBAAR

- Blok 23: Bedrag betaalbaar/terugbetaalbaar: Totaal A + Totaal 22 (boete en rente).

C: BEREKENING VAN DIESEL TERUGBETALING IN TERME VAN DIE DOEANE EN AKSYNSWET

- Blok 24 -39: Dit is van toepassing op diesel terugbetalingsaansoeke wat nie in hierdie Module behandel word nie aangesien spesiale regulasies daarop van toepassing is.

TOTALE BEDRAG BETAALBAAR OF TERUGBETAALBAAR

- Blok 40: Aangesien diesel terugbetalings nie in hierdie Module bestudeer word nie, moet die bedrag wat in hierdie blok ingevul word, dieselfde bedrag as wat in blok 23 aangeteken is, wees.

→ TELEFOONNOMMER, FAKSNOMMER, HANDTEKENING, HOEDANIGHEID (bv. REKENMEESTER), DATUM.

Nota:

- 'n Vorm wat nie geteken is nie, sal nie deur SAID geprosesseer word nie.
- Die vorm word deur die eienaar of enige ander persoon deur die eienaar aangestel, bv. sy rekenmeester, geteken.
- Foute op die vorm gemaak, word doodgetrek en die regte bedrag ingeskryf. By alle veranderings moet geteken word. Dit sluit ook verbeteringe wat met korreksievloeistof gemaak word in.

ETIEK EN KONTROLE

OPDRAG 12.14

Etiek en kontrole

Gevra:

Verwys na elke geval hieronder en verduidelik:

- Of jy dink dat 'n probleem bestaan of nie
- Hoe jy elke geval sal hanteer.

Inligting:

1. Roger bedryf 'n klein handelswinkel aan die buitewyke van 'n plattelandse gebied. Sy gemiddelde maandelikse omset is tussen R10 000 – R15 000. Hy is nie 'n geregistreerde BTW-verskaffer nie, maar hy belas sy klante met BTW.
2. Belinda bedryf 'n dagsorgsentrum (kleuterskool) vir jong kinders. Haar bruto maandelikse inkomste is R30 000. Sy betaal BTW wanneer sy noedsaaklikhede (bv. kos, boeke, ens.) vir kinders in haar sorg koop. Sy is nie as 'n belastingverskaffer geregistreer nie.
3. Thandi skep denkbeeldige belastingfakteure en eis vir hierdie as BTW-Inset in haar BTW-opgawe.
4. Frankie bedryf 'n ysterwarewinkel. In sy eerste jaar van onderneming was sy omset R475 000. Gedurende die afgelope drie jaar was sy omset gemiddeld R1,1 miljoen per jaar. Hy het tot nou toe nie as 'n BTW-verskaffer geregistreer nie.
5. Blarney, 'n rekenaarhandelaar, het 'n spesiale ooreenkoms met een van sy klante wat toevallig 'n familielid is. Wanneer hy voorraad verkoop, reik hy twee belastingfakteure aan hom uit – een toon die oorspronklike prys, terwyl die ander een met 50% verminder is. Hy gebruik die verminderde belastingfaktuur om sy BTW-201-opgawe te ondersteun.
6. Rohan is 'n geregistreerde BTW-verskaffer, maar hy hou nie 'n behoorlike stel boeke aan nie. In die meeste gevalle lê hy benaderde syfers, wat nie deur behoorlike dokumente gestaaf word nie, voor. Hy dien sy opgawes egter betyds in.
7. Miranda se rekenmeester, G. Farina, het 'n fout in die berekening van BTW gemaak. Hy het die BTW-Inset met R5 000 te veel in die maandelikse BTW 201-opgawe aangetoon. Hy het dit aan Miranda geraporteer. Miranda vra hom om daarvan te vergeet.
8. Gabrielle se betalingsdatum is die 25ste dag na die belastingtydperk. Sy betaal egter nooit betyds nie. Sy meld dat sy nie omgee om die boete en rente te betaal nie en sy hou vol dat deur later te betaal, het sy meer kontant beskikbaar om haar maandelikse bokoste te betaal.



KONTRROLELYS

Vaardighede	Ja- bereik	Vereis meer aandag	Voltooi
Verstaan hoe BTW werk.			
Kan die bedrag van BTW bereken indien die prys gekwoteer eksklusief is.			
Kan die bedrag van BTW bereken indien die prys gekwoteer inklusief is.			
Verstaan die verskil tussen faktuurbasis en ontvangstebasis vir die betaling van BTW.			
Begryp die boetes verbonde aan bedrog en ontwyking.			
Verstaan die nodigheid om die joernale aan te suiwer om BTW te akkommodeer.			
Kan BTW-transaksies in die Algemene Grootboek boekstaaf.			
Verstaan die nodigheid vir volle openbaarmaking en behoorlike rekordhouding.			
Kan etiese kwessies rakende BTW bespreek.			